GROEIGROEP MATERIAAL

KERK-IN-SUID

PO10SIAAL

‘n Saak groter as jouself…

Inleiding

Ons nader die einde van die reeks '**Po10siaal**. Die doel van die reeks is om oor die potensiaal in elkeen van ons se lewe te ontdek asook die potensiaal van ons gemeente. **Hoe het die reeks jou tot dusver gehelp om jou potensiaal te ontdek? Wat sien jy ook raak van die pontensiaal van ons gemeente?**

Gesprek losmaker

Sondag se tema was 'Vir wie BAT jy? Wat was die eerste gedagte wat in jou kop opgekom het toe jy die tema hoor?

Oor Sondag se preek

Sondag se preek het begin met die gedagte dat daar sekere tekste (gedeeltes) in die Bybel is wat jou nogal baie ongemaklik kan maak wanneer jy dit lees. Kan julle in die groep aan sulke tekste dink en waarom maak dit julle ongemaklik?

Die twee teks gedeeltes wat tydens die erediens gelees is was die volgende: 2 Timoteus3:1-5 en Matteus 7:21-23. Hoe maak hierdie gedeeltes julle ongemaklik? Kan ons dus goeie christene wees en steeds die wil van God mis? Dink jy dit gebeur tans in jou eie lewe?

Skriflesing

Jesus het van die begin van sy bediening anders gepraat en anders opgetree in vergelyking met die godsdienstige beskouing van daardie tyd. In Jesus se oë was die godsdienstige leiers vals omrede hulle baie te sê gehad het oor wat die wil van God is maar in praktyd het God se liefde nooit sigbaar geword nie. Hulle het ook mense beoordeel op die uiterlike en geen ruitme gehad vir mense se gebrokenheid nie. 'n Fariseer het Jesus eendag genooi om by hom te gaan eet. Ons kan baie uit hierdie gebeure leer en dalk ook Jesus se uitspraak in Matteus 7:21-24 beter verstaan.

1) **Lees Lukas 7:36-50**

- Wat leer ons alles uit hierdie verhaal?
- Hoe bepaal ek en jy vandag iemand se waarde (kom ons wees eerlik). Hier is 'n paar stellings…
  - Volgens wat iemand vir my beteken
  - Of iemand vir my belangrik is
  - Hoe iemand my behandel
  - Wat ek uit iemand kan kry
  - As iemand vir my liefhet
  - Selfde klas as ek
  - As iemand soos ek kan dink en optree
  - Hang van my emosie af
  - Wat die verwantskap is

Vir ons om hierdie verhaal te verstaan moet ons verstaan hoe waardevol alle mense vir God is. Die liefde wat Hy vir my het is dieselfde liefde wat Hy vir die persoon langs my het. Dit is ook dieselfde liefde wat Hy vir die een waarvan ek nie baie hou nie ook het. Die genade wat Hy vir my het is dieselfde genade wat Hy vir die een langs my het asook die een van wie ek nie eers hou nie. Dieselfde genade vir die een vir wie ek kwaad is en nie wil vergewe nie. Dit is dieselfde vir my en vir alle ander mense…

2) Lees **1 Johannes 4:7-12**

Hoe anders sal jy mense hanteer as jy weet hoe lief God hulle het?

Slot

Vir wie BAT jy? MAW vir wie se span draf jy uit? Ek en jy kan maklik vir onsself speel. Ons kan lopies aanteken en dit kan selfs lyk of ons besig is om die wedstryd te wen. Maar wat help al die lopies as niemand anders baat vind daarby behalwe 'EK' nie? Wat help dit EK wen en die res verloor? Jesus het ons kom roep om vir 'n span te speel groter as onsself. Hy het ons geroep om onsself te verbind aan iets grorters as onsself. Ons is geroep om vir Sy Koninkryk te BAT.

Gebed

Here dankie dat ek in U span kan wees.....